

30 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 13:1-9;18-23

Fokusgedeelte: DL, 3/4:9

As mense hulle nie bekeer nie, is dit nie God se skuld nie

Wie se skuld is dit as mense die Woord hoor, maar hulle kom nie tot geloof nie en hulle verwerp die Woord en hulle verwerp Jesus as Verlosser? Is dit die Woord wat tekortsiet? Lê die fout by God wat hulle tot bekering roep? Nee, dit kan tog nie so wees nie! Daarom bely ons: "Die skuld lê by die geroepenes self."

Dat dit so is, is baie duidelik uit die gelykenis van die saaiër. Die fout lê nie by die Saaier (God) of by die Saad (die Woord) nie. Hierdie Saaier gaan so ver dat Hy selfs sy saad op plekke saai waar 'n spaarsamige saaiër nie sal saai nie. Hierdie Saaier is nie suinig met sy saad nie en saai selfs op die pad en op klipbanke en tussen die onkruid. Dit doen Hy, want Hy is nie 'n gewone boer nie. Hy boer met genade. Hy wil nie hê iemand moet eendag kan sê: "Maar ek het nie geweet nie!" Hy saai dus orals.

"Sommige neem deur sorgeloosheid die Woord van die lewe nie aan nie. Ander neem dit wel aan, maar nie in die binneste van hulle harte nie, met die gevolg dat hulle na 'n kortstondige blydschap van tydelike geloof weer terugval. Ander weer laat die saad van die Woord deur die dorings van die sorg en deur die welluste van die wêreld verstik en dra geen vrugte nie ..." Dit is dus baie duidelik hulle eie skuld en hulle kan niemand of niks anders daarvoor blameer nie, veral nie die Saaier of die Saad nie.

Gaan ek vandag moeite doen om die Woord te verstaan? Gaan ek die Heilige Gees vra om die Woord vir my duidelik te maak? Gaan ek Hom vra vir 'n diepgaande geloof? Gaan ek my rug draai op die sorg en die welluste van die wêreld? As ek dit gaan doen sal ek oorvloedig vrug kan dra!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~